



## In hierdie uitgawe...

Voorblad  
Kerknuus:  
Beroepenuus  
Nuus oor predikante  
Bedieningsnuus  
Advertensies en kennisgewings


# eHervormer

www.hervormer.co.za

## Voorblad

### **Vergadering van die Suid-Afrikaanse Raad vir Kerke: 28-30 Mei 2008**

Dit was my voorreg om as besoeker die *Central Committee Meeting* van die Suid-Afrikaanse Raad vir Kerke (SARK) by te woon van 28 tot 30 Mei 2008.



Daar was 23 kerkgenootskappe teenwoordig, asook die nege Provinsiale Rade van die SARK. Die vergadering het onder andere aandag gegee aan die volgende:

- Herstrukturering van die SARK
- Ekonomiese en ekologiese sake
- Geslagsgelykheid en geweld teenoor vroue
- Die krisis in Zimbabwe
- Die vreemdelingehaatkrisis
- Gesprek met politieke partye oor die 2009-verkieping

Die vergadering het hierdie sake indringend bespreek. Dit was veral opmerklik dat die SARK baie krities staan teenoor die huidige regering.

#### **40ste bestaansjaar van die SARK**

Die 40ste bestaansjaar van die SARK is gevier tydens 'n galadinee.

#### **Gewaarwordings**

Dit is duidelik dat die SARK steeds kontekstueel gedrewe is in sy uitkyk en aanslag. Die voordeel daarvan is dat die SARK 'n goeie aanvoeling het vir die uitdagings wat die Suid-Afrikaanse samelewing bied en ook gerat is om toe te tree as probleme opduik.

### **Kontakbesonderhede:**

#### **Webwerwe/-skakels:**

Webblad van die Hervormde Kerk -  
[www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)  
Hervormer webwerf -  
[www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)  
e-Hervormer -  
[www.hervormer.co.za/page03.html](http://www.hervormer.co.za/page03.html)  
Hervormer LIG! -  
[www.hervormer.co.za/page04.html](http://www.hervormer.co.za/page04.html)

#### **E-posadresse:**

Redaksie -  
[epos@hervormer.co.za](mailto:epos@hervormer.co.za)  
Nuus en berigte -  
[nuus@hervormer.co.za](mailto:nuus@hervormer.co.za)

### **Inhoud:**

Die e-Hervormer word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

**Die Kerknuus word saamgestel deur dr Fanie Pretorius, sekretaris van die kantoor van die Kommissie van die AKV.**

### **Teken in op e-Hervormer...**

Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe per e-pos!

Stuur 'n e-pos na [epos@hervormer.co.za](mailto:epos@hervormer.co.za) of besoek die webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en klik op die 'Teken in'-opsie.



Die SARK bied derhalwe, na my mening, baie geleentede vir die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika om sinvol betrokke te raak in die breëre samelewing waarin die Kerk hom bevind.

Dit was vir my 'n groot voorreg om die vergadering van die SARK as besoeker by te woon en ek is met die grootste hartlikheid deur die lede van die SARK ontvang.

**Ds Etienne Fourie**

## Kerknuus

### BEROEPENUUS

► **Beroepe ontvang**

**Ds Petri van Rooyen** van Rooihuiskraal na Vanderbijlpark-Suid



**Ds Johann de Bruin** van Heilbron na Barberton

► **Beroep/benoeming aanvaar**


- **Dr Gert Volschenk** na Sannieshof
- **Dr Wouter van Wyk**, deeltydse predikant van Gemeente Weltevreden, het die benoeming as Sekretaris vir Toerusting, Inligting en Kommunikasie aanvaar. Hy tree reeds op 1 Julie in diens.

### NUUS OOR PREDIKANTE

► **Ds Rita de Kock** word op Sondag 29 Junie deur Gemeente Villiers ontvang in 'n deelversorgingstandplaas. Sy word by die geleentheid in haar amp bevestig en lewer ook haar intrepreek. Die gemeente was vakant sedert die vertrek van ds Johans van Tonder na Balfour. Intussen is die kombinasie met Gemeente Greylingstad ook verbreek. Ds De Kock was beroepafwagend.

► **Ds Willem Sauer** neem op Sondag 29 Junie afskeid van sy gemeente, Wonderboompoort, waar hy sedert 1999 gewerk het. Hy het die beroep na Groot Marico aanvaar en word op Sondag 20 Julie in sy nuwe gemeente ontvang.

► **Ds Dawie Jacobs** neem op Sondag 29 Junie afskeid van sy gemeente, Kampersrus, waar hy sedert 2004 gewerk het. Hy het die beroep na Swartruggens aanvaar en word op 6 Julie in sy nuwe gemeente ontvang en in sy amp bevestig.



► **Ds Wilhelm Steyn**, wat sedert 1983 dien as die Kerk se sekretaris by die Bybelgenootskap, emeriteer aan die einde van Oktober. Die proses om 'n opvolger vir ds Steyn te benoem, het reeds begin. Meer besonderhede oor aansoeke wat ingewag word, word elders in die *e-Hervormer* vermeld.

## BEDIENINGSNUUS

### ■ Lidmate in Zimbabwe

Die afgelope twee weke het di Hannes Janse van Rensburg en Coenraad Strydom in Harare en Bulawayo besoek afgelê by ons lidmate. Dit gaan onder omstandighede met hulle goed en hulle bly vol moed en geloof ten spyte van moeilike en senutergende lewensomstandighede. In Harare hanteer oudle Rinus Graü en André van der Merwe die sake, en in Bulawayo oudl Ben Steyn saam met Martie en Hendrik Pool van die NG Kerk.

Die volgende is 'n uittreksel uit oudl Ben Steyn se briefie aan dr Fanie Pretorius:

*Ek wil net namens ons almal weer eens sê, baie dankie vir alles wat so mildelik aan ons gestuur word. Ek kan u verseker al die klere, kruideniersware, margarien, eiers en geld, alles is baie welkom en noodsaaklik. Sonder hierdie hulp sou die lewe hier vir ons nie moontlik gewees het nie.*

*Alles gaan elke dag op met omtrent 15%. 'n Brood kos hierdie week 1 biljoen dollar, 1 liter melk is 4 biljoen, 1 eier is 1 biljoen. Alle goedere is biljoene en triljoene. Ek kan jou verseker ek oordryf nie.*

*Ons het nou maar alles uitgedeel wat ons in reserwe gehou het. Ek wil nou asseblief vra of dit moontlik is om vir ons *ASPIRIEN*- en *HCT-TABLETTE* te stuur. Ons mediese fonds het toegemaak en dit kos biljoene om dit by 'n apteek te kry as hulle dit het. Baie medisyne is lankal reeds onverkrygbaar by apteke, selfs die mees algemene medikasie.*

*Baie dankie vir ds Hein (Kloppers) se besoek. Hy het huisbesoek gedoen by die NG lidmate. Ds Piet Grobler van die NG Kerk het vir 'n week hier gewerk en die 2 Sondae diens gehou. Ons sien uit na hierdie naweek se besoek van ons eie dominee.*

*Dra asseblief ons hartlike groete en dank oor aan almal daar.*

Afhangende van die omstandighede rondom die presidentsverkieping op 27 Junie, sal twee predikante in Julie besoek aflê. Ds Hannes Janse van Rensburg vertel dat hulle vanaf Beitbrug tot by Harare deur 19 padblokkades was, by geleentheid amper gearresteer is (dit was darem hulle eie skuld), en uiteindelik sonder enige verliese hulle bestemming bereik het.

**Om dank aan gemeentes en lidmate oor te dra vir ondersteuning en voorbidding, is feitlik onmoontlik. Dank aan kerkrade wat hulle predikante toelaat om die besoeke te gaan doen. Dank aan elke predikant wat tot dusver opgeoffer het om die lidmate te besoek.**


### ■ BESOEK VAN PRESBITERIANE UIT VSA GROOT SUKSES

Die Glasgow Cumberland Presbyterian Church het die RSA besoek as gaste van die ring van Maquassi se ringsraad vir apostolaat. Hulle het op Sondag 15 Junie weer vanaf Kaapstad vertrek na die VSA. Tydens hulle besoek aan 4 MRCC gemeentes in Wolmaransstad, Jouberton, Setlagole en Khayalitscha, het hulle daaglik oor die 1 000 mense gevoed. Hulle het ook Bybelskole aangebied en die besoek afgesluit met 'n besoek aan die Christelike Seemansorganisasie (CSO) in Kaapstad. Die ringsraad vir apostolaat van Maquassi wil langs hierdie weg almal wat met die besoek gemoeid was en 'n inset gelewer het, hartlik bedank. 'n Spesiale woord van dank aan ds Johan Smit van **to care** en Auto Pedigree wat ook by die projek betrokke was.

Laasgenoemde het voertuie geborg wat die groep vervoer het.

Al hierdie hulp word opreg waardeer!

Volledige berig volg later in *Konteks*.



■ **Gemeente Theresapark is op 23 Oktober vanjaar 25 jaar oud. Die geleentheid word feestelik gevier op Sondag 26 Oktober met 'n dankdiens om 10:30.**

Die gemeente se kerkgebou is in Augustus 15 jaar oud. 'n Outydse feesbasaar word beplan vir Vrydag 5 September vanaf 16:00 by die kerkgebou, hv Springboklaan en Crocodileweg, Theresapark. Tradisionele basaareregte sal te koop wees. 'n Uitstalling van oudhede, raakrugby (*touch rugby*) tussen ouderlinge en diakens, netbal tussen die NHSV en diakens, en perdekarritte vorm deel van die verrigtinge. As iemand kan help met 'n perdekar, kan hulle met die gemeentelike kerkkantoor of ds Fanie Naudé in verbinding tree.

Alle oudlidmate en ander belangstellendes word uitgenooi na die feesgeleenthede. Vir meer besonderhede kontak ds Fanie Naudé by 012 542 1321 / 083 391 3151 of die kerkkantoor by 012 542 3568.

## Advertensies en kennisgewings

● **Gemeente Wesmoot** in Pretoria wag aansoeke in vir hulle vakante standplaas. Dit is 'n volledig-versorgde standplaas. 'n Versorgingspakket van 5-10 diensjare is binne die gemeente se finansiële vermoë. Die gemeente beskik oor 'n pastorie langs die kerkgebou wat tot beskikking van die nuwe predikant is. Belangstellendes moet asseblief 'n CV en 'n bekendstellingsbrief saam met aansoeke stuur na: [wesmoot@nhk.co.za](mailto:wesmoot@nhk.co.za). Verdere inligting kan aangevra word by bogenoemde e-posadres. Aansoeke sluit op 30 Junie 2008.

● Die **Perth Afrikaans Reformed Church** in Australië het tans 'n vakante pos vir 'n tweede voltydse leraar.

**Stuur aansoeke aan:**  
Perth Afrikaans Reformed Church  
21 Davenport Circuit Mindarie  
Western Australia  
6030  
E-pos: [voorsitter@parc.org.au](mailto:voorsitter@parc.org.au)  
Faks: +61 89 304 6586

**Sluitingsdatum vir aansoeke:** 30 Junie 2008

**Navrae aan:**

Voorsitter Jan van den Berg e-pos: [voorsitter@parc.org.au](mailto:voorsitter@parc.org.au)  
Leierouderling Barry van der Vyver e-pos: [br.barry@parc.org.au](mailto:br.barry@parc.org.au)

● **Pos: Orrelis/Musiekleier vir Gemeente Randburg**

**Take**


- Begelei sang tydens eredienste en ander byeenkomste tot 'n opbouende belewenis vir almal in die gemeente.
- Bevorder die gemeentesang deur die aanleer van nuwe liedere soos ooreengekom met die predikante.
- Adviseer die predikante op versoek oor die sang en musiek van die gemeente en stel weekliks die liturgie van elke erediens onder leiding van die predikante saam.
- Identifiseer sangers en musikante in die gemeente en betrek hulle by kreatiewe geloofskommunikasie.

Vergoeding is in lyn met die voorgeskrewe skale en sal tydens die onderhoud onderhandel word.

E-posaansoeke tesame met 'n kort gepaste CV na [ElnaV@nhk-randburg.org.za](mailto:ElnaV@nhk-randburg.org.za)

Kan ook gefaks word na 011 787 4983.

Navrae kan gerig word aan ds CJ van Wyk by 011 787 3020.



## ● GEMEENTE OOS-LONDEN: VAKANTE DEELSORG PREDIKANTSTANDPLAAS

Aansoeke van geordende predikante van die Kerk word ingewag vir die vakante standplaas. Emerituspredikante wat bereid is om as 'n brugpredikant in die gemeente te werk, is ook welkom om aansoek te doen, maar voorkeur sal gegee word aan aansoeke van geordende predikante.

### Gemeente Oos-Londen

Die gemeente (gestig in 1937) is die eerste standplaas van die Kerk in die Oos-Kaap wat tot stand gekom het na 'n unieke stukkie geskiedenis wat begin is met onmin in die plaaslike NG gemeente oor die gebruik van kelkies tydens Nagmaal.

Die grense van die gemeente is seelangs vanaf die Keiskammarivier in die suidweste tot Umtata in die noordooste, terwyl die landdrostdistrikte van King William's Town, Stutterheim en Komga die binnelandse grens vorm. Weens die ontvolking van die platteland is die bedieningsarea van die gemeente egter tans beperk tot die stad Oos-Londen met twee buitewyke.

Die gemeente het op die oomblik 197 belydende lidmate en 32 nie-belydende lidmate, met ongeveer 108 besoekpunte. Weens die wye verspreiding van lidmate oor die stad, word tans net een ere diens om 09:00 op Sondag gehou, met kategeese direk daarna.

### Aansoeke en verdere besonderhede

Aansoeke moet vergesel wees van 'n CV, met vermelding van bedieningsvoorkeure en bepaalde gawes.

Aansoeke en navrae moet gerig word aan: Oudl Freek Venter, Skriba, Posbus 2217, Beaconbaai (5205) of per e-pos: [freekv@absamail.co.za](mailto:freekv@absamail.co.za)

Verdere inligting kan van oudl Chris Dreyer by 083 268 1292 bekom word.

### Sluitingsdatum: Maandag 28 Julie 2008

## ● Aansoeke ingewag vir die pos: SEKRETARIS IN KERKVERBAND – BYBELGENOOTSAP

Die Bybelgenootskap wil graag in samewerking met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n opvolger in die plek van ds WH Steyn aanwys wat op 1 November 2008 diens kan aanvaar.

Die kandidaat moet aan die volgende vereistes voldoen:

### KWALIFIKASIES EN ERVARING

Aansoeker moet 'n geordende leraar van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wees. Ervaring in die gemeentelike bediening is 'n vereiste.

### PERSOONSVEREISTES EN VAARDIGHEDE


Entoesiastiese persoon met taalvaardigheid en goeie menseverhoudinge. Moet in spanverband kan funksioneer en oor besondere organisasievermoë en administratiewe en rekenaarvaardighede beskik.

### PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

Promosie en bekendstelling van die Bybelgenootskap en Bybelwerk aan kerke, organisasies en individue op 'n beplande wyse en soos ooreengekom.

Dit behels onder andere besoeke aan gemeentes, ringe, ander kerkvergaderings, sinodes (volgens die struktuur van die verskillende kerke wat die persoon se verantwoordelikheid is) en ander instansies soos besighede, organisasies, skole, ensovoorts, asook persoonlike kontak en skakeling met individue.

Die opstel van bekendstellingsplanne en 'n bemarkingstrategie aan die hand van bestaande aksieplanne.



Spesiale projekte vir fondsinsameling word gedoen in streekverband, tussen streke van die Bybelgenootskap, en word ook van tyd tot tyd op nasionale vlak aangepak. (Daar word van die Sekretaris verwag om daarby betrokke te wees.)

### **Kantooradministrasie**

Hantering van korrespondensie en skakeling met donateurs. Bedankingsbriewe aan donateurs, opstel van omsendbriewe en inligtingstukke. Voorbereiding, aanbieding en afsending van verslae.

### **Vergaderings**

Bywoning van interne vergaderings, Streekraadsvergaderings en nasionale vergaderings, soos van tyd tot tyd gereël.

Uit die aard van die pos is tweetaligheid 'n vereiste.

### **VERGOEDINGSPAKKET**

Onderhandelbaar

### **DIENSAANVAARDING**

1 November 2008 of so gou moontlik

### **SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE**

31 Augustus 2008

### **NAVRAE**

Die Administrateur, mnr JF Viljoen, by telnr 012 322 8885

### **AANSOEKE MET CV AAN**

Die Mannekragbestuurder

Mnr P Beukes

Posbus 2368

**PRETORIA**

**0001**

Gekeurde kandidate sal vir 'n persoonlike onderhoud genooi word.


#### ● **Aflê van eed by skole**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het kennis geneem van 'n berig in *Die Kerkbode* wat ook oor die kerknuusprogram ***Kollig op die Kerk*** uitgesaai is. Daarvolgens het die drie susterkerke in 'n dokument wat deur die NG Kerk opgestel is die voorgestelde eed van getrouheid vir skoliere, soos vroeër vanjaar deur die regering in die vooruitsig gestel is, in beginsel goedgekeur. Die Kommissie is nie bewus van so 'n dokument nie en het ook by geen geleentheid sy instemming daarmee betuig nie.

Die visevoorsitter, dr DJC van Wyk, doen tans navraag oor die oorsprong van die berig en sal in *Die Hervormer* daaroor verslagdoen. Die Kommissie sal op sy beurt deur die Raad vir Gesinsorg aandag aan die saak skenk.

#### ● **Goedkeuring van finansiële state van die Raad van Finansies**

Die Kommissie van die AKV het by sy onlangse vergadering in Junie die finansiële state van die Raad van Finansies goedgekeur met groot dank aan die Administrateur en sy personeel, die Hoofrekenmeester en die insette van die raad. Die finansies word netjies en kerngesond hanteer en dit getuig van goeie finansiële bestuur.





### Basaar en Trekkerskou

Nederduitsch Hervormde Kerk, Middelburg, Mpumalanga

**Datum:** 2 Augustus 2008

**Plek:** hv Bhimy Dlamini (Voortrekkerstr) en Cowen Ntuli (Hendrik Potgieterstr)

**Basaar bied:** Stalletjies (kos en ander), speletjies asook stoomtrein- en trekkerritte vir die kinders

**Trekkerskou bied:** Uitstalling van ou en nuwe trekkers sowel as gerestoureerde trekkers + inligtingsboekie met besonderhede van trekkers wat op skou is

**Kontak:** 013 243 3949

● **Jagkompetisie aangebied deur Gemeente Louis Trichardt**

'n Eland, blouwildebessies en rooibok in 'n jagpakket teen net R150 per inskrywing! Dit is wat u kan wen. Die jaggeleentheid vir die wenner en een metgesel strek vanaf Donderdag 28 tot Sondag 31 Augustus 2008. Dit vind plaas op Plaas Hermanus van mnr Willem van der Merwe in die Soutpansberg-distrik (ongeveer 450 km vanaf Pretoria). U bring net u eie kos, drinkgoed, beddegoed en handdoeke. Sou u nie al drie spesies met hierdie geleentheid kon skiet nie, kan dit met 'n ander geleentheid gebeur in oorleg met die plaaseienaar. Indien u glad nie jag nie maar wel die vleis of biltong wil hê, kan u iemand anders in u plek stuur. Andersins kan u die jagtydperk in die pragtige bosveld kom geniet terwyl die plaaseienaar vir u die jagwerk doen. Dit is vanjaar die enigste jaggeleentheid op die plaas aangesien die plaaseienaar geen ander jaggeleenthede vir vanjaar toelaat nie. Die inskrywings sluit op 1 Augustus 2008. Gemeentes en skole kan gerus ook inskryf en, sou hulle wen, kan hulle óf die wild kom skiet óf dit weer as 'n kompetisie ten bate van hulle eie fondse aanbied.

Kontak ds Phillip Horn by 015 516 0550 of Willem van der Merwe by 082 257 7482.



### Horison Bergfietspretresies

**Datum:** Saterdag 16 Augustus 2008

**Tyd:** 07:00 – 12:00

**Plek:** Logwood Bike Haven, Muldersdrift

**Spanne:** 2 – 5 fietsryers per span/aflos


**Koste:** R200 per span

**Kontak:** Bets 083 408 4005  
Tinus 082 577 4067

**Inskrywings:** Enteronline  
([www.entrytime.com](http://www.entrytime.com))

**Meer inligting:** [www.nhk.org.za](http://www.nhk.org.za)

**PRET VIR OUD EN JONK! VERMAAK VIR DIE KINDERS! HEERLIKE EETGOED TE KOOP!**



## ● POS BY SENIORDAL AFTREE-OORD

Seniordal is 'n aftree-oord wat die eiendom is van Gemeente Pretoria en is geleë binne die gemeentegrense. Eenhede vir selfonderhoudende persone word op 'n woonregbasis verkoop.

Daar is besluit om die pos van Gebouebestuurder by Seniordal te heradverteer. Die pos val uiteen in drie afdelings en daar kan aansoek gedoen word vir die pos in geheel of vir slegs een van die afdelings van die pos.

## DAAR MOET EGTER DUIDELIK DAAROP GELET WORD DAT DIE POS, OF GEDEELTE DAARVAN, GEENSINS BEDOEL IS OM 'N VOLTYDSE AANSTELLING TE WEES NIE

Indien verskillende persone aangestel word, sal die vergoeding, wat onderhandelbaar is, aan die gebouebestuurderspos gekoppel word. Aan die ander twee poste sal net 'n moontlike honorarium verbonde wees.

### Generiese vereiste

Die geskikte applikant moet:

- 'n lidmaat van die NH Kerk wees;
- lidmaat van Gemeente Pretoria wees, of bereid wees om lidmaat van die gemeente te word;
- goeie menseverhoudinge hê;
- goeie kommunikasieverhoudinge hê, veral ten opsigte van bejaarde persone;
- goeie werksetiek hê, insluitend 'n netjiese voorkoms, akkuraatheid en stiptelikheid; en
- op en wakker wees.

Vir verdere besonderhede kan Cerneels Strydom gekontak word by 082 756 3710.

### Aansoeke kan gerig word aan:

Voorsitter  
Finansiële en Advieskomitee  
Posbus 40784  
Arcadia  
0007

of gefaks word na 012 321 9157 of per e-pos aangestuurd word na [pretoria@nhk.co.za](mailto:pretoria@nhk.co.za)

■ **Gemeente Alberton** bied op 1 Augustus 'n *Eden*-konsert by die *Alberton Rugby Stadium* aan. Kaartjies is R60 per persoon. Die konsert begin om 19:00 maar die hekke open reeds om 17:00. Daar sal verskeie kosstalletjies wees, onder andere pannekoek, ribrolle, boereworsrolle, *cheese grillers*, sop en broodjies. Koeldranke sal te koop wees. Bring asseblief kampstoele en komberse saam.

Kom kuier saam met *Eden* en geniet terselfdertyd jou aandete.

Vir kaartjies, kontak Ronell Ohlms 011 907 4598/084 251 2550/[conveyancing@heysteka.co.za](mailto:conveyancing@heysteka.co.za) of Rosina Price 011 869 8824/084 816 2392. **Maak gou. Hierdie is tans een van Suid Afrika se gewildste Afrikaanse sanggroepe!**

■ **Die Phyllis Robertson Home** bied aan: 'n **Musiekaand met:**


**Pieter Smith & William Blackrose**

5 Julie 2008 om 18:00 vir 18:30 in die West End-teater, Pretoria-skougronde (ingang Soutterstraat)

**R50 per persoon (kerrie en rys ingesluit)**

Veilige parking, kontantkroeg ingesluit

Vir meer inligting en kaartjies kontak Darienne by 082 329 7575 of Lita by 083 638 0438





# NHSV KONGRES 2008

Die 45ste Nasionale NHSV Kongres vind van Donderdag 3 tot Saterdag 5 Julie plaas in die AULA van die Universiteit van Pretoria. Die tema is:  
*Waar U gaan sal ek gaan...*


Die tema word toegelig deur drie sprekers:

- Prof Theuns Dreyer: Die geborgenheid in die geloofsgesin.
- Dr Wilhelm Coetzer: Stukrag in die geloofsgesin.
- Me Freda Wilkens: Die geloofsgesin van môre.

Die fasiliteerder is prof Piet Geysler.

Verskeie belangrike beskrywingspunte sal aan die orde kom:

- NHSV Dinamies vorentoe.
- Verhouding tussen die diakens en die NHSV.
- Traumabegeleiding en ondersteuning aan getraumatiseerde lidmate in gemeenteverband.
- Bemagtiging van mishandelde vroue.
- MIV/vigs: Stop die stigma!
- Drank- en dwelmgebruik.
- Dissipline in huise en skole en die gemeenskap. Me Ansie Kitching sal 'n inset lewer.
- Armoedeverligting: fisies en geestelik. Dr Dawie Theron van Helpende Hand sal 'n inset lewer, ook ten opsigte van Sol-Tech.



Tydens die openingsaand tree Wim Viljoen en Walter Johannes op; Vrydagaand 4 Julie tree Oorwinningskinders op en Saterdagoggend nog vier jong Hervormers.

'n DVD-aanbieding, *Hervormde vrou die afgelope eeu*, sal ook tydens die openingsaand vertoon word.

Kerkrade word versoek om vrouelidmate aan te moedig en te ondersteun om hierdie belangrike gebeurtenis by te woon. Ons is terdeë bewus van al die probleme waarmee lidmate te kampe het. Nogtans wil ons graag soveel afgevaardigdes moontlik by die kongres ontvang.

## ■ Biltongfees: 5 Julie 2008 – Namibië

### Plek –Wanderers

### Tyd – 08:00 tot baie laat!

**Baie kos** te koop met pryse tussen N\$3 en N\$45.

**Vermaak** met bekende kustenaars soos Kurt Darren, die Bosveldklong, NKD-meisies, Die Campbells, Marisa Hohne, Jessica Thomas en Alida Visser.

**Aktiwiteite** soos veiling, tuisnywerheid, Umpa-orke, Mej Biltongfees, André die Sterkman, poppekas, rugby en uitstallers.


**Vir die kinders**, spookhuis, perdry, verfbal (*paintball*), tombola, lekkers en roomys, springkasteel, kermiswiel, *airborne*, tatoeëring, naelverf, haarkleur en hamerslaan.

**Biltong en droëwors vir slegs N\$20!**

2 000 binne-parkeerplekke.

Prystrekkings en nog vele meer!

**Kontak** ds Drikus Engelbrecht by [sailor@mweb.com.na](mailto:sailor@mweb.com.na)



## ■ BUFFELFEES : 1-3 AUGUSTUS 2008



Gemeente Marikana se jaarlikse Buffelfees vind plaas oor die naweek van 1 tot 3 Augustus 2008 by ATKV Buffelspoort. Sowat 4 000 mense word by die fees verwag.

Die fees begin die Vrydagaand met die gewilde storievertellervermaak, **Maak-'n-Las**, wat deur Zack du Plessis aangebied word. Gaste op die program sluit die alomgewilde oud-SA krieketspeler Fanie de Villiers in, die veelsydige vermaaklikheidster Dusty Gibson en nog vele ander. Verskeie aanloklike pryse en spesiale aanbiedings by verskillende vakansie-oorde kan ook dié aand opgeraap word.

Kaartjies vir die vertoning beloop R200 per persoon en sluit 'n smullekker potjiekosete in soos net Andries Krogmann dit kan voorberei, asook 'n kaartjie vir die prystrekking van 'n jagpakket met 'n totale waarde van R35 000.

Die Saterdag tree 'n verskeidenheid sang- en vermaaklikheidskunstenaars vanaf 09:00 tot laatmiddag op. Heelwat boere- en kunsmarkstalletjies sal ook hul produkte uitstal. Ander aktiwiteite sluit 'n babakompetisie, kleuteratletiek en landloop in.

Kom smul gerus aan die spesiale resep buffelwors, -biltong en -*platters*, asook verskeie ander kosbedienings. Vir kinders en energiekes is 'n klimmuur en heelwat ander vermaak beskikbaar.

Die fees word Sondag afgesluit met 'n erediens in die Buffelsaal.

Vir **besprekings** van kaartjies vir Maak-'n-Las of stalletjies kan die volgende nommers geskakel word: Sarie (014 572 3125), ds Neels van Tonder (072 633 3367), Hennie (083 325 3177). Daar is nog beperkte plek beskikbaar vir feesgangers wat vir die hele naweek by die oord wil bespreek.

